## HOËRSKOOL KEMPTON PARK: GEDRAGSKODE VAN LEERDERS

## INHOUDSOPGAWE


| ITEM | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | Titel van die beleid | |
| 2 | Effektiewe datum | |
| 3 | Hersieningsgeskiedenis | |
| 4 | Aanhef | |
| 5 | Doel van die gedragskode | |
| 6 | Woordomskrywing | |
| 7 | Toepassing en omvang van die beleid | |
| 8 | Wetlike raamwerk | |
| 9 | Individuele regte en verantwoordelikhede | |
| 10 | Ontwikkeling van leerder se talente | |
| 11 | Algemene voorskrifte | |
| 12 | Omskrywing van sanksies | |
| 13 | Verbode en ntoelaatbare items | |
| 14 | Deursoeking en beslaglegging | |
| 15 | Aanspreekliheid van leerders | |
| 16 | Leerders se algemene gedrag en optrede | |
| 17 | Buite perke gebiede | |
| 18 | Skooleiendom en toerusting | |
| 19 | Siekekamer | |
| 20 | Geslote Televisiekringkameras | |
| 21 | Webblaaie | |
| 22 | Algemene orde | |
| 23 | Afwesighede | |
| 24 | Akademiese vordering | |
| 25 | Leerder se regte | |
| 26 | Omskrywing van wangedrag | |
| 27 | Klassifikasie van oortreding | |
| 28 | Dissiplinêre komitee vir ernstige wangedrag | |
| 29 | Prosedure van verrigtinge | |
| 30 | Oortredings nie spesifiek genoem | |
| 31 | Kroniese en herhalende oortredings | |
| 32 | Skooldrag en voorkoms | |

Slegs natuurlike haarkleurskakerings word toegelaat. Geen wortelrooi of spierwit word bv. toegelaat nie.

Indien ’n leerder hierdie bepalings oortree sal sy hare deur ’n professioele haarkapper gesny word teen die rekening van die ouer. Indien ’n leerder by die skool opdaag met hare wat nie aan die beleid voldoen nie, gee daardie leerder uitsluitlik toestemming aan die sksoolbestuur om sy hare te laat sny.

16.3.2 Baard

Seuns wat baard het, moet elke dag skoon, glad en netjies geskeer wees. Wangbaarde (side whiskers) mag nie laer as die middel van die oorgat strek nie. Seuns wat nie geskeer is nie, sal versoek word om by die skool te skeer.

16.3.3. Skoene

Slegs swart toe skoene word toegelaat.
Slegs voorgeskrewe skoolkouse mag gedra word.
Skoene moet skoongemaak en gepolitoer wees.
Geen tipe tekkie word saam met skooldrag toegelaat nie.

16.3.4.Hemde en dasse

’n Das moet altyd saam met ’n langmou hemp gedra word. Die boonste knoop moet te alle tye vas wees en die dasknoop moet tot bo geskuif word.
Slegs voorgeskrewe skooldasse mag gedra word. Die moue van ’n langmou hemp mag in die somer opgerol word tot net bokant die elmboog. Geen deel van ’n onderhemp of T-hemp mag uitsteek nie.

16.3.5 Baadjies en truie

Slegs die voorgeskrewe skooltrui, oortrektrui of baadjie mag gedra word.
Die moue van ’n trui of baadjie mag nie opgestoot word nie.
Vergunning word ook aan leerders verleen om op Vrydae provinsiale en nasionale baadjies wat deur hulself verwerf is, te dra.

16.3.6 Juwele

Slegs polshorlosies word toegelaat. Geen hangertjies, juwele , armbande, oorringetjies, pennetjies, vislyn ens mag enigsins gedra word nie.
Geen neus-, tong-, wenkbrou- of naeltjieringe word op enige plek aan die lyf toegelaat nie.

16.3.7 Tatoeëermerke

16.3.8. Lyfgordels

Lyfgordels moet te alle tye met langbroeke gedra word. Slegs swart lyfgordels sonder handelsmerkgespes (buckles) word toegelaat.

16.3.9 Serpe

Slegs donkerblou en voorgeskrewe serpe word toegelaat.

16.3.10 Hoede en musse

Slegs voorgeskrewe hoedjies mag gedra word. Geen musse word toegelaat nie.

Die volgende geld t.o.v. **dogters**:

16.3.11 Hare

Die kuif mag nie die wenkbroue raak nie. Kort hare mag nie die onderste deel van die kraag raak nie. Lang hare of hare wat die kraag raak, moet vasgebind word. Hare wat oor die ore hang moet vasgesteek word. Hare aan die agterkant moet stewig vasgebind en vasgesteek wees. Hare mag nie in slierte in die gesig hang nie.

Slegs natuurlike haarskakerings word toegelaat. Geen uiterste haarkleure soos byvoorbeeld wortelrooi of spierwit (gebleik) word toegelaat nie. Die uitgroei van gekleurde hare word nie toegelaat nie.

Indien hare nie aan die voorkomsreëls voldoen nie, sal die dogter versoek word om dit binne 2 dae reg te maak.

16.3.12 Vasmaakmiddels

Slegs een kleur knippie, strik ens. Mag op ’n slag gebruik word. Die voorgeskrewe kleure is geel, donkerblou of swart.

Slegs vlootblou en swart haarbande, nie wyer as 4cm, word toegelaat.

16.3.13 Juwele

Slegs een ooring, pennetjie ensovoorts word in die onderste gaatjie van die oorbel toegelaat.

Slegs goue of silwerpennetjies word toegelaat. Die diameter van ringetjies mag nie meer as 2cm wees nie.

Geen seëlringe , hangertjies, armbande, toonringe, neusringe, tong-en wenkbrou-ringe word toegelaat nie. Geen vislyn wotd in enige plek in die oor toegelaat nie.

16.3.14 Tatoeëermerke

16.3.14 Grimering

Geen tydelike of permanente grimering word toegelaat nie.

16.3.15 Naels

Die wit gedeelte van die naels mag nie langer as 3mm wees nie. Slegs deursigtige kleurlose naellak mag saam met skool– en sportdrag gedra word.

Geen kunsnaels word toegelaat nie. French Manicure, nie langer as 3mm word toegelaat.

16.3.16 Rompe

In ’n knielende posisie mag die romp die hoër as 10cm van die grond af wees nie. Die bokant en onderkant van die romp mag nie opgerol wees nie.

16.3.17 Baadjies en truie

Slegs die voorgeskrewe skooltrui, oortrektrui en baadjie mag gedra word. Die moue van die langmoutrui en baadjie mag nie opgestoot word nie.

Vergunning word verleen aan leerders om provinsiale en nasionale baadjies wat deur hulself verwerf is, op Vrydae te dra.

16.3.18 Hemde en dasse

’n Das moet ten alle tye saam met ’n langmouhemp gedra word. Die boonste knoop moet ten alle tye vas wees en die dasknoop moet tot bo geskuif wees.

Slegs voorgeskrewe dasse mag gedra word. Moue van ’n langmouhemp mag opgerol word in die somer tot bokant die elmboog. Indien kortmouhemde gedra word mag geen deel van ’n onderhemp of T-hemp uitsteek nie.

16.3.19 Serpe

Slegs donkerblou of voorgeskrewe skoolserpe mag gedra word.

16.3.20 Skoene

Slegs swart skoolskoene met veters of ’n bandjie oor die voet word toegelaat.
Slegs voorgeskrewe skoolkouse mag gedra word. Gedurende wintertye of koue dae mag swart ‘tights’ of sykouse gedra word.
Skoene moet skoongemaak en gepolitoer wees. Geen tipe tekkies of plakkies mag saam met skooldrag gedra word nie.

16.4 **Sport en ander Buitemuurse-aktiwiteite**

Die skool het ’n Sport/Kultuur Dissiplinêre Komitee wat bestaan uit die afrigter/koördineerder, die adjunkhoof (voorsitter van die komitee), en ’n ouerlid van die beheerliggaam soos deur die BL aangewys. Hierdie komitee ondersoek en besluit oor wangedrag van leerders ten opsigte van enige swak gedrag op die sportveld/deelname aan ’n kultuuraktiwiteit gepleeg deur enige leerder teenoor enige ander leerders, toeskouers, opponente, skeidsregters en ouers. Die komitee kan aanbevelings doen aan die hoof oor verdere dissiplinêre optredes en selfs of die gedrag ’n formele SBL dissiplinêre verhoor vereis.

16.5 **Kleedkamers**

1) Kleedkamers moet te alle tye skoon en netjies gehou word.
2) Leerders mag nie in die kleedkamers en toilette rook, leeglê, stokkiesdraai, klasontduik, wegkruip, eet, koeldrank drink, saamdrom, lees, huiswerk of ander skoolwerk doen, afskryfwerk of ander wandade pleeg nie.

| Oortreding | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| | skriftelik)<br>Verdere oortreding:<br>Herhaalde oortredings<br>Detensie (1 uur) | <br>2 |
| Wangedrag tydens byeenkomste | Waarskuwing (mondelings of skriftelik)<br>Verdere versuim:<br>Herhaalde oortredings:<br><br>detensie van 2 uur | <br><br>2 |
| Rondlopery sonder toestemming | | |
| Rondlopery by snoepie (buiten pouses), verbode gebiede | | |
| Swak sportmangees tydens sport as toeskouer /speler | Afrigter/Toesighoudende opvoeder hanteer dit. Kan speler skors vir 'n wedstryd/toeskouer kan die veld verbied word vir 'n wedstryd.<br><br>Ernstige oortredings word na die skoolhoof verwys vir verdere optrede.<br><br>Toeskouer/speler word skriftelik gewaarsku dat hy/sy toegang/deelname tot wedstryde/buite muurse aktiwiteite geweier kan word. Dit kan selfs summier gedoen word. | NVT |
| Afwesigheid van buitemuurse aktiwiteit /sportoefening/ kultuur aktiwiteit sonder geldige verskoning | Afrigter/opvoeder in bevel hanteer dit met bv. weglating uit span/aktiwteit/optrede<br>2e oortreding: Laat uit span vir 3 wedstryde/permanente weglating van optrede (kultuur aktiwiteit/konsert ens.) | |
| Versuim om detensie by te woon | 1e oortreding:<br>Adjunkhoof onderhoud<br>2e oortreding: Ouer/hoof onderhoud<br>3e oortreding: Dissiplinêre Verhoor | 10<br><br>15 |
| Fisiese/geestelike boelie, intimidasie, afknouery, teistering (insluitend Kuberboelie) | Verwys: Beleid rondom Teistering en Boelie. (Minder ernstige gevalle)<br>Meer ernstige gevalle:<br>Dissiplinêre Verhoor sal oorweeg word. Intervensie vir berading.<br>Verwys skool se selfoonbeleid. | 10 |
| Wangedrag tydens detensie | Herhaal detensie – Middag besintyd van 2 ure na skool<br>Verdere oortredings word dit 'n vlak | |

| Oortreding | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| | 4 oortreding vir ‘n Dissiplinêre Verhoor | |
| Voorkoms: Onvolledige/verkeerde skooluniform. Dit sluit oortreding van haarreëls, juweliersware, grimering ens. in. | 1e oortreding: waarsku<br>2e oortreding:<br>3e oortreding;<br>Verdere oortredings<br>2 ure detensie (middagbesintyd) | <br>5<br>10 |
| Klasontwrigting (verwys hier na suiwer lastigheid en nie na ander strafbare oortredings soos bv. arrogansie, onbeskoftheid ens. nie). Hierdie oortredings is onder ander hofies met detensie strafbaar. | 1e oortreding: waarskuwing<br>2e oortreding:<br>3e oortreding:<br><br>4e oortreding: Verwys vir Dissiplinêre verhoor as ‘n vlak 4 oortreding | <br>5<br>10 |
| Spoeg | 1e oortreding<br>2e oortreding:<br>3e oortreding<br>4e oortreding detensie – Middagbesintyd (1 uur) | 2<br>4<br>6 |
| Afskryf van huiswerk (Afskrywer en verskaffer) | Eerste oortreding<br>Tweede oortreding<br>Derde oortreding<br>Verdere oortredings:<br>Word vlak 4 oortreding – verwys vir Dissiplinêre verhoor | 2<br>4<br>6 |
| Laatkommery vir klas | 1e oortreding:<br>2e oortreding: | (1-10min) 3<br>(10 min en meer) 5 |
| Laatkommery vir skool | 1e oortreding:<br>2e oortreding: | (1-10 min) 3<br>(10 min en meer) 5 |
| Gebruik van onvanpaste materiaal om boeke/lêers oor te trek | 1e oortreding: verwyder materiaal trek boek ordentlik oor.<br>2e oortreding: verwyder materiaal en detensie | |
| Oortreding van selfoonbeleid | Gering:<br>1e oortreding<br>2e oortreding<br>3e oortreding<br>4e en verdure oortreding: detensie (2 ure) en Konfiskasie van selffoon. | <br>2<br>4<br>6 |
| Swak gedrag (opening, saal, hoof, gasspreker, ander skole) | 1e oortreding:<br>2e oortreding:<br>3e oortreding<br>Verdere oortreding:<br>detensie (2 ure) | 5<br>10<br>15 |
| Oorfone aan van selfoon tydens klasonderrig, opening, gassprekers, op | Konfiskering<br>Sien selfoonbeleid. | 5 |

| Oortreding | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| die skoolterrein | | |
| Verlaat klas of byeenkoms sonder toestemming | 1e oortreding:<br>2e oortreding:<br>3e oortreding:<br>4de oortreding: detensie (2 ure) | 5<br>10<br>15 |
| Leuens vertel en gerugte versprei of saam te sweer om dit te doen | 1e oortreding:<br>2e oortreding:<br>3e oortreding:<br>Verdere oortredings:<br>Word ‘n vlak 4 oortreding met gepaardgaande dissiplinêre verhoor | 5<br>10<br>15 |
| Kougom kou, in hare plak van ander ens. | 1e oortreding:<br>2e oortreding:<br>3e oortreding: Skriftelike waarskuwing<br>Verdere oortreding: Vlak 4 oortreding met dissipilnêre verhoor | 5<br>10<br>15 |
| Swak taalgebruik/vloek op stoepe en skoolterrein | 1e oortreding:<br>2e oortreding<br>3e oortreding:<br>Verdere oortredings word dit ‘n vlak 4 oortreding en verwys vir ‘n Dissiplinêre Verhoor | 5<br>10<br>15 |
| Wegsteek van ander se eiendom | 1e oortreding: Waarsku<br>2e oortreding: detensie (2 ure) | |
| Handboek nie by skool/klas | 1e oortreding: Waarsku<br>2e oortreding: detensie (2 ure) | |
| Voorkoms - Slordige uniform in die openbaar/skoolterrein, voorkoms onwettige juwele, hare, naels ens. | 1e oortreding: Waarsku<br>2e oortreding: detensie (2 ure)<br>Juwele word gekonfiskeer en moet deur ouer afgehaal word.<br>Ouer inlig dat skooldrag nie korrek is nie.<br>Hare en voorkoms moet volgens voorskrifte wees en binne twee dae reggemaak word. | |

27.5.2 Vlak 2 Oortredings

| Oortreding Vlak 2 | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| Vandalisme/Grafitti | Leerder se ouers moet koste dra/ self herstel/skoonmaak en detensie sit vir 2 ure<br>Op banke: leerder sal bank afskuur en oor vernis.<br>Skiftelike Waarskuwing | |
| Wangedrag op die bus/skoolvervoermiddel | Detensie 2 ure per insident<br>Skriftelike waarskuwiing<br>In geval van beserings/immorele gedrag/vandalisme verander in vlak 4 oortreding vir dissiplinêre verhoor | |
| Gooi ander leerders met | Detensie 2 ure | |

| Oortreding Vlak 2 | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| voorwerpe | Skriftelike waarskuwing<br>In geval van beserings en skade aan eiendom verander in vlak 4 oortreding vir dissiplinêre verhoor | |
| Hantering van/gebruik van/ onregmatige besit neem van ander persone se eiendom sonder hulle toestemming | Detensie 2 ure of afhangende van omstandighede word dit ’n vlak 4 oortreding met die gepaardgaande oueronderhoud en dissiplinêre verhoor | |
| Beskadiging van ander se eiendom na gebruik sonder toestemming | Herstel/vervang/betaal koste om te vervang en detensie (2 ure).<br>Dissiplinêre Verhoor na aanleiding van die vlak van skade aangerig | |
| Bedrog: verandering/teken/ voorbereiding van dokumentasie/briewe namens ander persone/ ouers | Detensie (2 ure)<br>SMS na ouers<br>Skriftelike Waarskuwing<br>Verdere oortredings word dit ’n vlak 4 oortreding | |
| Intimidasie van leerders om hulle te beseer of verbaal te boelie | Vergelyk beleid rondom Boelie<br>SMS na Ouers<br>Oorweeg Dissiplinêre Verhoor | |
| Leuens, vloektaal/onwaarhede/ skinderstories en/of gerugte versprei | Detensie (2 ure)<br>SMS Na ouers<br>Indien dit lei tot intimidasie, teistering of beserings/emosionele wroeging vlak 4 dissiplinêre verhoor | |
| Disrespek teenoor medeleerders en volwassenes | Detensie (2 ure) | |
| Bakleiery – minder ernstig | SMS na ouers<br>Skriftelike Waarskuwing<br>Indien beserings vlak 4 dissiplinêre verhoor | 10 |
| Bakleiery – ernstig | Ouers na skool<br>Vlak 4 Dissiplinêre Verhoor | |
| Openbare wanonderlikheid en onwelvoeglike gedrag - binne en buite skool (minder ernstig)<br>**Ernstiger voorvalle** | 1e oortreding<br>2e oortreding<br>Vlak 4 oortreding verwys vir dissiplinêre verhoor<br>Ouer onderhoud<br>Detensie (2 ure) /<br>Oorweeg Dissiplinêre Verhoor | 20 |
| Selfoongebruik/elektroniese toerusting/smartwatches en “trackers” tydens klas of assesseringsessies | Vergelyk Selfoonbeleid oor konfiskering en lig ouers in<br>Detensie (2 ure)<br>Indien video of klankopnames en/of foto’s geneem is vlak 3 oortreding. | |
| Oneerlikheid, poging tot oneerlikheid in enige assesseringsessie. Dit is kommunikasie (verbaal of nie-verbaal, skriftelik) | “0” word vir die taak toegeken. Ouers moet in kennis gestel word. Indien daar nie “0” toegeken kan word nie, detensie en taak oordoen. Voeg by skriftelike waarskuwing (oneerlikheid taak), onderteken deur leerder en | |

| Oortreding Vlak 2 | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| | opvoeder. | |
| Plagiaat | "0" vir taak of indien "0" nie gegee kan word nie: detensie (2 ure); plus taak oordoen | |
| Stokkiesdraai: 1 periode<br>: 2 periodes<br>: 3 periodes<br>: 4 en meer periodes<br>Stokkiesdraaiery: verlaat skool onwettig/2 dae en langer afwesig<br>Stokkiesdraaiery/nie by skool | Detensie,SMS na Ouer<br>Detensie, SMS na Ouer<br>Detensie, SMS na Ouer<br>Detensie, SMS na Ouer<br>Instel van dagpas<br>SMS na ouer kind nie by die skool<br><br><br>Aanhoudend: vlak 4 – Dissiplinêre Verhoor | 5<br>10<br>15<br>20<br><br>40 |
| Besit of gebruik van klappers, vuurwerke | Besit –<br><br>Vlak 4 Dissiplinêre verhoor indien afgevuur. | 100 |
| Misloop van buitemuurse aktiwiteite waar leerder deel was van span | Weglating uit span vir verdere wedstryd/e na ondersoek gedoen is hoekom leerder nie bygewoon het nie. | |
| Peuter aan skool se veiligheids-toerusting (kameras, brandblussers) | Herstel skade en detensie (2 ure)<br><br>Indien ernstig om getuienis te vernietig/gevaar te skep – vlak 4 dissiplinêre verhoor. | |
| Besit van verbode voorwerp | Konfiskering<br>Detensie (2 ure) | |
| Neem van foto's/bakleiery, ens (op selfone, ens) en/of versprei dit | Detensie<br>Konfiskering en aflaai van materiaal/opname op skool se stelsel en verwydering uitvee op leerder se selfoon. Mag as bewyse in dissiplinêre verhore gebruik word. Selfoonbeleid. Intervensieprogram | |
| Oortreding van die sosiale media beleid | Verbeuring van voorregte om rekenaarsentrum te gebruik/konfiskering vir 'n tydperk van 'n selfoon/ander lelektroniese apparaat | |
| Gevaarlike voorwerpe | Detensie<br>Konfiskering<br>Herhaalde oortreding verwys vir Dissiplinêre verhoor.<br>Intervensieprogram.<br>Ontneming van voorregte, leierskapposisie en kentekens en erekleure. | |

27.5.3 Vlak 3 Oortredings

| Oortreding Vlak 3 | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| Argument met ’n skeidsregter/bakleiery tydens ‘n sport aktiwiteit | Verbeur voorreg om aan sportsoort deel te neem/by te woon vir ‘n tydperk soos deur die hoof bepaal. | |
| Steek van ander leerder met ’n passer, kopspelde en ander skerp voorwerpe | Neem voorwerp af - leerder kry dit nie terug nie. Lig ouers in.<br>Detensie.<br>Dissiplinêre verhoor.<br>Ontneming van voorregte | |
| Minagting van sanksie/versuim om sanksie na te kom | Ouer onderhoud mag verander in vlak 4 oortreding vir Dissiplinêre verhoor | |
| Betree skoolterrein onder invloed van alkohol of dwelmmiddels/ander middels/inhalante | Pas skoolbeleid rakende dwelmmiddels toe. Toetsing.<br>Onmiddelike skorsing hangende dissiplinêre verhoor.<br>Dissiplinêre Verhoor<br>Aanbeveling aan DH vir uitsetting<br>Intervensie/Rehabilitasie program.<br>Ontneming van voorregte en erekleure en/of leierskapposisie en kentekens. | |
| Besit, vertoon, duplisering van pornografiese materiaal van enige aard | Finale skriftelike waarskuwing.<br>Onmiddelioke skoprsing hangende dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre Verhoor<br>Aanbeveling aan DH vir uitsetting<br>Intervensie program. Ontneming van voorregte. | |
| Rassisme | Oueronderhoud.<br>Onmiddelike skorsing hangende dissiplinêre verhoor<br>Detensie<br>Finale skriftelike waarskuwing<br>Dissiplinêre Verhoor<br>Intervensieprogram Ontneming van voorregte. | |
| Aanranding van enige aard insluitend met doel om ernstig te beseer | Summiere skorsing<br>Dissiplinêre Verhoor<br>Aanbeveling aan DH vir uitsetting<br>Ontneming van voorregte. | |
| Gedrag wat skool se naam in dispuut en in oneer bring<br>(Minder ernstig)<br>Ernstig | Detensie<br><br><br><br>Detensie<br>Leerders kan van voorregte gestroop word (bv toere en sport) ander soos erekleure,leierskapposisie<br>Onmiddelike skorsing hangende dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre verhoor. Ontneming van | |

| Oortreding Vlak 3 | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| | voorregte. | |
| Openbare onsedelikheid/immorele gedrag | Detensie<br>Finale skriftelike waarskuwing<br>Onmiddelike skorsing hangende dissiplinêre verhoor<br>Dissiplinêre Verhoor<br>Intervensieprogram | |
| Verhindering van opvoeders se reg om hulle werk te doen en van leerders om onderrig te kry | Detensie<br>Oueronderhoud<br>Onmiddelike skorsing hangende dissiplinêre verhoor | |
| Moedswillige en herhaalde oortreding van vlak 2 oortredings | Detensie<br>Onmiddelike skorsing in afwagting van ‘n dissiplinêre verhoor | |
| Woon nie intervensieprogram/ gedragsontwikkelings-program by soos opgedra deur die skool by nie. | Oueronderhoud. Onmiddelike skorsing in afwagting van ‘n dissiplinêre verhoor. | |

27.5.4 Vlak 4 oortredings

| Oortreding Vlak 4 (Geen Toleransie Oortredings) | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| Besit van wapens/gevaarlike voorwerpe wat tot ernstige besering en/of selfs dood van andere kan lei. | Neem wapen af - Leerder kry dit nie terug nie. Lig ouers in.<br>Summiere skorsing tot verhoor voor Dissiplinêre verhoor. Ontneming van voorregte. | |
| Meer as 50 negatiewe debietgedragspunte | Dissiplinê Verhoor.<br>Ontneming van voorregte.<br>Intervensieprogram.<br>Aanbeveling vir uitsetting uit die skool. | |
| Boeliegedrag/Intimidasie/Teistering | Detensie.<br>Oueronderhoud.<br>Onderrig in isolasie.<br>Skorsing.<br>Dissiplinêre Verhoor.<br>Ontneming van voorregte.<br>Intervensieprogram. | |
| Onwettige toegang verkry tot skoolgebou of ander skoolstruktuur (Inbraak) | Detensie.<br>Oueronderhoud.<br>Onderrig in isolasie.<br>Skorsing.<br>Dissiplinê Verhoor.<br>Ontneming van voorregte.<br>Intervensieprogram. | |
| In besit van ’n ander se eiendom sonder | Detensie. | |

| Oortreding Vlak 4 (Geen Toleransie Oortredings) | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| | herhaaldelik onnmiddelike skorsing in afwagting van verhoor minimum sanksie is detensie en gemeenskapsdiens of onderrig in isolasie of maksimum aanbeveling vir uitsetting. Afhangende van oortreding, intervensie program. Ontneming van voorregte. | |
| Herhalende weiering om wettige opdragte te gehoorsaam na te kom. | Detensie. Ouer onderhoud. Indien herhaaldelik onmiddelike skorsing in afwagting van verhoor minimum sanksie is detensie en gemeenskapsdiens of onderrig in isolasie of maksimum aanbeveling vir uitsetting. Afhangende van oortreding, intervensie program. Ontneming van voorregte. | |
| Oneerlikheid (willens, opsetlike of voorgenome).<br>Kullery in eksamens en/of toetse, verandering van uitslae, rapporte.<br>In besit wees van of verspreiding van eksamenmateriaal, kripnota's ens. | Onmiddelike skorsing in afwagting van verhoor minimum sanksie is 'n "0"punt, detensie en/of onderrig in isolasie of maksimum aanbeveling vir uitsetting. Afhangende van oortreding, intervensie program. Ontneming van voorregte.<br>"SAIC" verhoor. | |
| Weiering om aan 'n ondersoek onderwerp te word deur die hoof/'n persoon wat deur die hoof skriftelik daartoe gemagtig is.<br><br>Oortreding van die skool se veiligheids-maatreëls. | Onmiddelike skorsing in afwagting van verhoor. Minimum sanksie is detensie of onderrig in isolasie of maksimum aanbeveling vir uitsetting. | |
| Vandalisme/Brandstigting/Kwaadwillige beskadiging van eiendom | Detensie. Ouer onderhoud. Onnmiddelike skorsing in afwagting van verhoor minimum sanksie is detensie of onderrig in isolasie of maksimum aanbeveling vir uitsetting. Intervensie program. Ontneming van voorregte. | |
| Gevaarlike speletjies of fisiese aanranding Slaan mekaar gooi mekaar | Detensie. Ouer onderhoud. Indien | |

| Oortreding Vlak 4 (Geen Toleransie Oortredings) | Sanksie | Debietpunte |
|---|---|---|
| skoolaktiwiteit/opvoeding te ontwrig en die plaasvind daarvan op enige wyse te verhoed. | | |
| Dade en/of gedrag wat daartoe kan lei of die [opsetlike] intensie het om ’n geweldadige/opruirende/dreigende skoolomgewing /toestand kan lei of gelei het.<br><br>Opsetlike ontwrigting van enige skoolaktiwiteit. | Detensie. Ouer onderhoud. Onnmiddelike skorsing in afwagting van verhoor minimum sanksie is detensie of onderrig in isolasie of maksimum aanbeveling vir uitsetting. Afhangende van oortreding, intervensie program. Ontneming van voorregte. | |
| Enige ander wangedrag wat so ernstig beskou word en wat tot uitsetting kan lei as ’n eerste oortreding wat meer as net berading, mondelinge/skriftelike waarskuwing behels. | Detensie. Ouer onderhoud. Onmiddelike skorsing in afwagting van verhoor. Minimum sanksie is detensie of onderrig in isolasie of maksimum Aanbeveling vir uitsetting. afhangende van oortreding, intervensie program. Ontneming van alle voorregte en ontheffing van enige leiersposisie. | |

27.6 Administratiewe aksies wat vir alle sanksies/tugstappe wat vir GDO regulasies Skedule 1 en 2 oortredings toegepas mag word en vir vlak1-4 oortredings van die gedragskode en reëls geld:

| |
|---|
| Inlees op die dissipline stelsel. |
| Ouers word in kennis gestel – dit kan telefonies of per brief of per sms wees. Ouers word versoek om die skool te kontak vir ‘n afspraak met die hoof/Dissipline hoof. |
| Oueronderhoud waar nodig [leerder moet onderhoud ook bywoon] |
| Berading van leerder. |
| Deurloping van Nie-Regerings- en/of Regeringsorganisasie intervensieprogram |
| Detensie vir tot 10 ure/gemeenskapsdiens |
| Terreindiens vir EEN kwartaal |
| Skriftelike waarskuwing |
| Verwysing na In-skool uitsluiting |
| Ontneming van voorregte soos toere, spandeelname, bywoon van funksies /aktiwiteite, eksamenverlof, uitlsuiting van verkiesings vir leierskapsrolle, deelname aan sport en kultuuraktiwiteite ens |
| Ontneming van kleuretoekennings (prysuitdeling) of verkose posisie soos leiers, ens permanent van aard. |
| Oneerlikheid (akademies) “SAIC” ondersoek wat kan lei tot “SAIC” verhoor en dissiplinêre verhoor en moontlike skorsing/uitsetting, detensie. |
| Beheerliggaam en GDO (waar van toepassing) word in kennis gestel. |

| |
|---|
| Kan lei tot tydelike skorsing [verbod op leerder se bywoning van ‘n skool itv relevante wetgewing]. Kan lei tot uitsetting uit skool [permanente verbod op leerder se bywoning van die skool waarby hy/sy ingeskryf was, deur die Departementshoof, nadat die proses itv die relevante wetgewing gevolg is. |
| Dissiplinêre Aksie word geneem kragtens Kennisgewing 6903 van 2000 en Algemene kennisgewing 2591 van 2001. Dit behels ‘n volledige verhoor met getuienis en verslae wat gereël word soos omskryf in die Provinsiale Gazette No 144 van 2000. [Verwys ook na riglyn dokument “Alternatives to Corporal Punishment van 5 Okt. 2000 deur die GDE] |
| Ander sanksies eiesoortig aan enige ander oortreding. |
| Kredietpunte kan verwerf word en afgeskryf word teeenoor geakkumuleerde debietpunte. Die Dissipline Hoof in oorleg met die skoolbestuur bepaal die hoeveelheid debietpunte wat vir verdienstelike gedrag respektiewelik toegeken word. |

## 28. DISSIPLINêRE KOMITEE VIR ERNSTIGE WANGEDRAG

Sien die skool se Dissplinêre Komiteebeleid vir die werksprosedures en aanstelling ens. vir dissiplinêre verhore.

## 29. PROSEDURE VAN VERRIGTINGE VOOR DIE DISSIPLINêRE KOMITEE VIR ERNSTIGE WANGEDRAG

29.1 ‘n Leerder wat van baie ernstig en werklik ernstig oortredings en wangedrag aangekla word is geregtig om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn en sy/haar saak te stel tydens dissiplinêre verrigtinge en oortredinge te laat ondersoek waarmee gehandel sal word ingevolge die skool se Dissipilinêre Komiteebeleid.

## 30. OORTREDINGS WAT NIE SPESIFIEK OMSKRYF IS NIE

30.1 Die Beheerliggaam en/of die skoolhoof en/of sy gemagtigde behou die reg voor om dissiplinêre stappe teen enige leerder te neem waar die oortreding nie spesifiek in die gedragkode genoem word nie en wat daarop gemik is om die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omver te werp.

## 31. KRONIESE EN HERHALENDE OORTREDERS EN ERNSTIGE OORTREDINGS VAN DIE GEDRAGSKODE EN/OF KRIMINELE OORTREDINGS

31.1 In gevalle waar ‘n leerder baie en/of werklike ernstige of aanhoudende oortredings van ‘n minder ernstige aard begaan, sal ‘n ouer/opvoeder onderhoud gevoer word om die saak in die reine te stel.

31.2 As ‘n laaste uitweg sal die Dissiplinêre Komitee genoodsaak word om ingevolge artikel 9(1) van die Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) en die regulasies van die Gauteng Departement van Onderwys, ‘n skorsingsverhoor te hou en kan kroniese oortreders geskors word of die Departement versoek word om so ‘n leerder permanent uit die skool te sit.

31.3 Indien ‘n leerder ‘n werklik ernstige oortreding of kriminele daad pleeg of poog om dit te pleeg, hetsy by die skool, tydens ‘n amptelike skoolaktiwiteit of buite skoolure, sal die Dissiplinêre Komitee, die leerder tydelik skors en by skuldigbevinding in ‘n kriminele hof of na ondersoek deur die komitee, by die Departement aanbeveel dat die leerder permanent uit die skool gesit word.

(Sien ook artikels 8 en 9 van die Skolewet)

**32. SKOOLDRAG EN VOORKOMS** (Sien ook die skool se Voorkoms en Dragbeleid)

Sien die skool se voorkomsbeleid.

**33. GEWONE KLERE**

Sien die skool se voorkomsbeleid.

**34. VERBODE MIDDELS**

34.1 Ingevolge die reëls van die skool (en die land), word die inname, gebruik, besit van, verberging, versteking en/of verspreiding, van die hand sit, ten toon stel en/of wys van verbode middels deur enige leerder aan enige ander leerder of persoon op die skoolterrein of tydens enige ander skoolaktiwiteit, tydens amptelike skoolure of in enige skool goedgekeurde vervoermiddel verbied.

34.2 Verbode middels sluit in, maar is nie beperk tot tabakprodukte, alkoholiese produkte en -vloeistowwe, anaboliese steroiede, gevaarlike beheerde medikasie en ander middels soos omskryf deur die wette van die land.

34.3 Alle leerders van die Hoërskool Kempton Park sal aan hierdie voorskrif voldoen.

34.4 Enige leerder wat hierdie maatreël oortree, is skuldig aan ‘n wandaad en stel hom of haar bloot aan dissiplinêre optrede soos voorgeskryf of kriminele vervolging.

34.5 Wanneer van toepassing is die skoolhoof of sy gemagtigde of die beheerliggaam verplig om die owerhede in kennis te stel.

34.6 Die beheerliggaam en die opvoeders van die skool is besorg oor enige leerder wat aan ‘n verbode middel verslaaf is of dit gebruik en sal alles in sy vermoë doen om sodanige leerder by te staan en te help met rehabilitasie of hulp om die probleem te oorkom.

34.7 Ouers en voogde word aangemoedig om vir hulp by die skool te vra sodat hulle na die korrekte persone/organisasies verwys kan word vir bystand.

**35. VERKLIKKERS EN BESKULDIGDES (“Whistle Blowers”)**

35.1 Gedurende ‘n leerder se skoolloopbaan sal hy of sy dalk ernstige oortredings wat die skool se goeie naam en eer aantas of ‘n ander leerder se lewe of gesondheid in gevaar stel waarneem. Die meeste leerders sal stilbly omdat hulle bang is dat hulle deur die res van die skoolgemeenskap verwerp sal word en gebrandmerk sal word as ‘klikbekke’ en dat hulle dus nie deur die ander ‘vertrou’ kan word nie.

35.2 Verklikkers se optrede kan voorkom dat ‘n leerder sy of haar se lewe in gevaar stel of in ’n depressiewe/lae morele toestand verval en/of die skool se goeie naam en eer (en gevolglik die skoolgemeenskap) in party gevalle onherstelbare skade lei, wat eers na talle jare weer in ere herstel kan word.

35.11 In alle gevalle mag die verklikker deur sy/haar ouer of ’n ander volwasse persoon wat deur die ouer aangewys is bygestaan word veral as dit mag blyk dat die verklikker ’n ooggetuie was van ’n oortreding en sy haar verklaring daartoe kan lei dat sy/haar identiteit rugbaar mag word.

35.12 Verklikkers mag ook anoniem getuienis lewer ingevolge die proses in artikel 8(7) en (8) van die Skolewet deur gebruik te maak van ’n tussenganger.

## 36. MIV/VIGS EN PERSONE WAT GESTREMD IS *(Sien ook die skool se MIV/VIGS beleid)*

36.1 Daar mag nie teen ‘n leerder wat MIV/VIGS of enigsins gestremd is op enige gronde gediskrimineer word nie.

## 37. SELLULêRE FONE (SELFONE) EN ANDER ELEKTRONIESE APPARATE

*(Saamgelees met die selfoon en elektroniese apparaatbeleid)*

37.1 Die verontagsaming van die selfoonbeleid deur enige leerder is ‘n oortreding van die skool se gedragskode en sal daar dissiplinêre stappe, teen sodanige leerder(s) geneem word deur die skoolhoof en/of sy/haar gemagtigde.

37.2 Die gebruik van selfone en ander elektroniese apparate op die skoolterrein, (met of sonder oorfone) in die klaskamer, tydens enige skoolaktiwiteit, op enige amptelike skool vervoermiddel is ‘n voorreg wat deur die skoolhoof en/of sy gemagtigdes gereguleer/beheer word ingevolge die skool se selfoonbeleid.

37.3 Nie-telefoniese selfoonfunksies soos elektroniese teks versending (SMS), speletjies, kameras en klank en video opnames mag nie ter enige tyd geaktiveer word tydens skoolure of skoolaktiwiteite gebruik word sonder die toestemming van ‘n opvoeder nie. Selfone en ander elektroniese apparate wat toegerus is met die elektroniese vermoëns om enige klank of beeldmateriaal op enige wyse op te neem, mag onder geen omstandighede of ter enige tyd in die toilette, kleedkamers, klaskamers of op enige ander plek wat deur die skoolhoof bepaal word aangeskakel en/of op enige wyse gebruik word om enige klank- of beeld opnames van enige persoon of enige dier, voorwerp, boek of dokument te maak of te vervaardig of te versprei op enige sosiale platform nie.

37.4 Dit is leerders se verantwoordelikheid om toe te sien dat die selfone en ander elektroniese apparate wat in hulle besit is of aan hulle toevertrou is afgeskakel en buite sig is die oomblik wat hulle die skoolgrond betree. Indien leerders nie die bogenoemde beperkings nakom of daaraan gehoor gee nie, sal dit geag word asof die betrokke leerder die opvoedkundige proses van die skool versteur of omvergewerp het en is hy/sy gevolglik onderworpe aan dissiplinêre optrede en konfiskasie van die selfoon.

37.5 Kuberboelie met selfone en/of enige ander elektroniese apparaat, soos omskryf in die boeliebeleid is ’n ernstige oortreding en sal oortreders paslik gestraf word.

37.6 Geen selfoon/elektroniese apparaat, “Blue Tooth” apparaat ens mag gebruik word om musiek van enige aard te speel op die skoolterrein ter enige tyd gedurende die skooldag nie. Indien dit gebeur mag die selfoon/apparaat

gekonfiskeer word. Leerders mag nie met oorfone op die skoolterrein loop en luister of na enige video opname kyk op enige apparaat en/of oproepe maak nie.

38.7 Die gebruik van selfone/elektroniese apparaat soos omskryf in hierdie beleid is tydens detensieklasse/periodes verbode en mag die vermelde toerusting gekonfiskeer word.

37.8 In die geval van ‘n redelike vermoede, of waar geloofwaardige inligting ontvang is, behou die skool die reg voor om enige leerder se selfoon of toestel na te gaan en inligting te kopieër wat gestoor is op die selfoon/elektroniese apparaat om te versker dat dat geen beledigende, aanstootlike, immorele of enige kommunikasie materiaal wat bedoel is om ‘n ander se menswaardigheid aan te tas, veral enige materiaal wat pornografies van aard is en/of kuberboelie en intimiderend van aard is, wat aangestuur is en/of versprei is onder leerders en ander visuele materiaal wat die skool se goeie naam en eer mag aantas of bedoel is om enige leerder en/of personeellid van die skool in ‘n slegte lig te stel of sy/haar menswaardigheid aan te tas, ongestraf bly nie.

**38. SELFOONHORLOSIES [“SMART WATCHES] EN ”TRACKERS” WAT AAN DIE POLS GEDRA KAN WORD SOOS ‘N HORLOSIE** *(Sien die skool se selfoonbeleid)*

38.1 Ouers wat wil hê dat leerders selfoonhorlosies moet dra vir sekuriteitsredes, moet hul kind leer om die toestel korrek te gebruik.

38.2 “Smartwatches” en soortgelyke elektroniese toerusting is net so onderhewig aan gebruik op die skoolterrein, tydens amptelike skoolure, skoolaktiwiteite, eksamens, toetse en in die klaskamer soos selfone en ander elektroniese apparate.

38.3 “Smartwatches” en soortgelyke elektroniese toerusting mag nie tydens enige toets of eksamen geaktiveer en/of op enige wyse gebruik word nie, aan die pols gedra word of op sy/haar lessenaar of stoel neergesit word nie.

38.4 Ouers moet die verstellings en area van die toestel so stel dat dit die hele skoolterrein as sone insluit. Navrae gedurende skoolure rakende waar ‘n leerder hom/haar bevind sal nie beantwoord word nie.

**39. ONTGROENING/INISIASIE PRAKTYKE**

39.1 In ooreenstemming met artikel 10A (1), (2), (3) en (4) van die Skolewet word alle vorme van ontgroening of inisisiasie praktyke op die skoolterrein en tydens enige skoolaktiwiteite verbied.

**40. DWELMTOETSING EN INGREEPSVRYETOETSE VIR ONWETTIGE DWELMMIDDELS DEUR DIE SKOOL** *(Sien ook artikel 8A van die Skolewet en ander verwante regulasies soos omskryf in die skool se dwelmbeleid)*

40.1 Die skoolhoof en/of sy of haar gedelegeerde kan, na inagneming van alle tersaaklike faktore, ewekansig 'n urien- of ander ingreepsvrye toets toedien aan enige leerder/groep leerders wat op regverdige en redelike gronde van die gebruik van onwettige middels verdink word.

